JERIGO MURE GEBEDSDAGBOEK
MAART 2008

Saterdag 1 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Vra dat Christene 'n toenemende begeerte sal hê om meer tyd in gebed deur te bring, nie net intersessie nie, maar ook in eenvoudige aanbidding en verering van God. Bid spesifiek vir die vervolgde Christene, dat hulle sal staande bly en elke dag 'n persoonlike ontmoeting met die Here sal hê.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Die meeste lande in Asië sukkel om enige Christelike geleentheid te organiseer. Bid asseblief vir elkeen wat begeer om vanjaar 'n gebedsbyeenkoms te reël vir die *Wêrelddag van Gebed,* dat die Here hulle sal versterk, hulle aktiwiteite sal wegsteek vir die teenstanders en baie mense se harte sal aanraak om ook langtermyn betrokke te raak.
2. Here ons Skepper (**Ps.95:6**), ons bring **Asië** in gebed voor U aangesien dit die enigste vasteland is waar die Christendom nie die grootste godsdiens is nie en daarom steeds die grootste uitdaging is vir wêreld evangelisasie. Sal U asseblief U Gees uitstort oor Asië sodat hulle sal kom buig in aanbidding en slegs voor U, hulle Here en Skepper sal kniel. Wees hulle God en laat hulle U kudde wees, wat deur U versorg word. Laat hulle U stem hoor en laat hulle nie hulle harte verhard nie (**Ps.95:6-8**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 2 Maart 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 4: Hy sal jou met moed vervul

Die gedrag van Petrus en Johannes het drasties verander sedert die uitstorting van die Heilige Gees. In stede daarvan om bang te wees vir die Jode, het hulle die evangelieboodskap met vrymoedigheid en dapperheid verkondig. Toe die mense die vrymoedigheid van Petrus en Johannes gesien het en besef het dat hulle maar ongeletterde en eenvoudige mense was, was hulle verbaas. Hulle het ook besef dat hulle volgelinge van Jesus was (**Hand.4:13**). Gemeenskap met die Heilige Gees gee jou moed om voor God te kom, moed om voor mense te staan en moed om die duiwel en sy werke te weerstaan. Wanneer ons besef dat die persoon van die Heilige Gees 'n werklikheid in ons lewe is, verander alles wat ons doen. Ons het nie baie lering nodig nie, baie opvoeding, baie geld, baie geleenthede of enigiets wat hierdie wêreld bied nie. Wanneer Hy kom, lyk al die ander dinge baie onbelangrik en is dit baie maklik om dit te laat gaan. Ons het eintlik net Hom nodig! Het jy al tye beleef wat jy vol moed was oor God se teenwoordigheid in jou lewe? Verlang jy dat Sy teenwoordigheid in jou lewe sal toeneem? Vra Hom vandag om jou deur Sy Gees te vervul met moed, sodat mense ook sal besef dat jy by Jesus was (**Hand.4:13**).

Vader, vul my met die krag en moed van U Heilige Gees, sodat ek die boodskap van U liefde met vrymoedigheid kan verkondig.

Maandag 3 Maart 2008

Hope for Africa

Hope for Africa se bestaansdoel is om inisiatiewe te begin en te ondersteun om plaaslike gemeentes in Afrika met 'n Bybelse wêreldbeskouing toe te rus en wat gemeentes toerus om prakties hulle Christenskap op elke vlak van die samelewing uit te leef. Bid asseblief vir hulle vir guns vir die werk wat hulle doen sodat baie gemeentes betrokke sal raak en hande sal vat om mekaar te help. (*Hope for Africa,* Posbus 9463, Centurion, 0046. Kontak Hein van Wyk by Tel.: 012-665 0343, faks: 012-665 0381, sel: 082 349 8465. Webruimtes: www.ehcaa.org.za en www.samaritan-strategy-africa.org of e-pos: hein@ehcaa.co.za).

Waterfiltreerder kan lewens red

'n Besigheidsman het, nadat hy verskeie natuurrampe beleef het, 'n bottel ontwerp wat ondrinkbare water in sekondes kan reinig. Dit kan 4 000-6 000 liter filtreer sonder om die filter te vervang. Hierdie suksesvolle metode van ultra-filtrering deur

gebruik te maak van spesiaal vervaardigde waterbottels, het sedertdien gewild geraak by die militêre magte. (Webruimte: http://www.lifesaversystems.com/ of e-pos: info@lifesaversystems.com). Dank die Here vir sulke uitvindings. Vra dat dit ook beskikbaar sal word, teen 'n redelike prys aan mense wat siektes kry as gevolg van hulle drinkwater.

Dinsdag 4 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir die *24/7 Gebedsbeweging* onder die jeug in Engeland onder leiding van Pete Greig. Vra dat die Here hulle guns en genade sal gee - veral by jongmense van Engeland en die naburige Europese lande, sodat baie meer God sal aanroep.
- Bid dat God geloof, om Hom te vertrou, in gelowiges se harte sal aanblaas.
- Bid dat Christene nie vir hulleself jammer sal wees nie, maar God in geloof sal vasgryp sodat baie ongelowiges gered sal word.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. *God TV* en *Wêrelddag van Gebed* het hande gevat en sal 'n internasionale uitsending van die *Wêrelddag van Gebed* tot 2010, aanbied. Prys die Here vir hierdie vennootskap! Bid asseblief vir die finale voorbereidings en reëlings vir hierdie uitsending om plaas te vind. Vra vir die vrystelling van die nodige fondse om dit moontlik te maak. Bid ook vir genade vir die tegniese spanne wat dit moet laat gebeur en dat talle TV en radiostasies gewillig sal wees om hierdie dag van gebed uit te saai. Vra ook vir deurlopende uitsendings op die Internet (**Ps.50:1**).
2. Goeie en Enigste Heerser (**1Tim.6:15**) ons bring **Asië** voor U in gebed. Openbaar U Seun as die Een wat die ewebeeld van U wese is. Gee dat die mense van **Afghanistan, Armenië, Bahrein, Bangladesj, Bhoetan en Broenei** Jesus sal sien as die volmaakte verteenwoordiging van U wese en die onderhouer, wat alle dinge deur Sy magswoord in stand hou. Mag hulle Hom leer ken as die Een wat die reiniging van hulle sonde bewerkstellig het (**Heb.1:3**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 5 Maart 2008

Hoe om te bid vir oorwinning oor hoogmoed (Vervolg van 27 Februarie)

God gebruik dikwels vervolging, mislukking, pyn, eensaamheid, vernedering, skande, hartseer en teenstand om ons by die punt van ons eie onvermoë te bring en ook vir ons op ons eie hoogmoed te wys. Hoogmoed plaas "ek" op die troon, maar in die hemel is die Lam wat geslag is, op die troon. Vir 'n man wat sonder hoogmoed is, is daar geen beperkings op wat God in en deur hom kan doen nie. Wanneer die duiwel ons nie van gebed en geestelike arbeid kan weghou nie, maak hy ons trots daarop. En so beland ons in hierdie gevaarlike strik en kan God ons nie gebruik nie.

Skrifgedeeltes vir gebed oor hoogmoed in ons lewe

- *Maar toe hy hoogmoedig en verwaand geword het, is hy uit die koningskap afgesit en het hy sy roem verloor* (**Dan.5:20**).
- *Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde* (**Ef.4:2**).
- *Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself* (**Fil.2:3**).
- *Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink. Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie* (**Kol.2:18,23**).
- *Daarom sê Hy: "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade"* (**Jak.4:6**).

(Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word).

Donderdag 6 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Hou aan om te bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed in die wêreld sal uitstort (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag, volharding, vir eenheid onder die leiers en guns by gelowiges en

ongelowiges in die omgewing. Bid ook vir die nodige fondse en die regte perseel sodat elke huis van gebed hulle werk kan voortsit.

- Bid dat alle weerstand teen die vestiging van dag en nag gebed in stede soos Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Pretoria, ens. binnekort heeltemal sal verkrummel. Vra dat 'n deurbraak binnekort sal kom sodat elke belangrike stad in Suid-Afrika en Afrika oordek sal wees met dag en nag gebed.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid vir die *Wêrelddag van Gebed* koördinerende spanne in Suid-Afrika en elke ander land in die wêreld. Vra vir wysheid, insig, fisiese krag en die kennis om almal wat hulle kontak te help en te ondersteun. Bid ook vir God se doel in elke strategiese beplanningsvergadering. Vra vir meer personeel en vrywilligers om betrokke te raak in die proses. Onthou om te bid vir die beskerming van alle rekenaars en ander toerusting wat nodig is om met die werk aan te gaan. Bid ook vir die gesinne van elke persoon wat betrokke is (**2Tess.3:3**).
2. Magtige Koning (**Ps.24:7**), ons bring **Asië** voor U troon. Maak oop die poorte van **Kambodja, Sjina, Oos-Timor, Georgië, Indië, Indonesië en Iran,** sodat U heerlikheid in hierdie lande kan inkom. Here, wees die oorwinnaar in elke stryd om die siele van mense. Laat selfs die eeue oue godsdienste hulle hoofde buig en hulle poorte oopmaak sodat U, die Magtige Koning kan ingaan (**Ps.24:8-9**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 7 Maart 2008

Sukses in stryd teen korrupsie

Die regering het in die afgelope jaar R213-miljoen gespaar deur bedrog met die uitbetaling van maatskaplike toelaes te voorkom. Die ondersoek deur die *Special Investigation Unit (SIU)* na bedrog, korrupsie en wanadministrasie wat die maatskaplike toelae stelsel geteister het, het sedert dit in 2005 begin het, voorkom dat R690-miljoen uitbetaal word aan bedrieërs. Altesaam 288 682 mense wat onwettig toelae ontvang het, is verwyder uit die stelsel. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/641631.htm). Dank die Here vir antwoorde op gebede teen misdaad en korrupsie. Hou aan om te bid dat die regering suksesvol sal wees in hierdie pogings om kriminele vas te trek.

Die Comore Eilande

Baie dankie vir u getroue gebede in *Jerigo Mure*, vir diegene wat op hierdie eilande woon. Ons gebede is beantwoord! Bid asseblief vir die befondsing van 'n projek om Bybels vir die eilande te kry. Die nuwe gelowiges het nie Bybels nie. Hou aan bid vir die literatuur projek om hierdie jaar klaar te maak en om die teiken te haal. Bid ook vir die klankopnames. Ons het Sy uithouvermoë nodig. Help ons bid vir 'n nuwe strategie en dat ons Sy stem baie duidelik sal hoor. (Bron: Vertroulik, e-pos: rentia@lfn.org.za).

Saterdag 8 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Bid vir mense van elke ouderdom en lewensterrein om opgerig te word as gebedstryders in elke plek in ons land. Vra dat hulle getrou en deurlopend sal volhard in gebed vir die redding van die wat verlore is en vir geregtigheid om te geskied.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Die droom in ons hart is dat daar in elke, gehuggie, dorp en stad in Suid-Afrika gedurende die *10 Dae* van 1-10 Mei vanjaar gebid sal word. Vra die Here dat dit 'n werklikheid sal word in ons land en in elke land in die wêreld.
2. Here, ons Rots (**Ps.144:1**), ons bring **Asië** voor U troon. Openbaar Uself aan die mense van **Laos, Libanon, Macao, Maleisië, Maledive, Mongolië en Myanmar (Burma)** as hulle liefdevolle God en skuilplek, as hulle vesting en redder en as hulle beskermer by wie hulle kan skuil (**Ps.144:2**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 9 Maart 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 5: Jou verhouding met die Heilige Gees

Petrus het begin werk as medewerker van die Heilige Gees en in Sy krag, wat wel onsigbaar was vir ander, maar vir hom was dit 'n realiteit. Hy het vir die Sanhedrin, die hoogste Joodse hof, gesê, *"… ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan dié wat aan Hom gehoorsaam is"* (**Hand.5:32**). Die Heilige Gees was vir hulle 'n realiteit en die bewys van Sy teenwoordigheid in hulle lewens was vir almal sigbaar. **Hebreërs 2:4** sê*: Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil.* Dit was deel van die krag wat Jesus vir hulle belowe het voordat Hy opgevaar het na die hemel (**Hand.1:8**). Die meeste Christene het 'n persoonlike verhouding met hulle Hemelse Vader en met Jesus Christus, maar nie almal van ons het 'n persoonlike verhouding met die Heilige Gees as die derde persoon in die drie-eenheid nie (**1Joh.5:7**). Hy is die stem van God, Hy is die Een wat die wil van die Vader bekend maak, Hy is die Een wat ons harte wakker maak om God te volg. Hy is so kosbaar en sag en sal Homself nooit afdwing op 'n mens nie. Wil jy Hom persoonlik ken? Wil jy Sy stem hoor? Wil jy nie vandag tyd maak en bid en die Heilige Gees vra om Homself aan jou te openbaar as die derde Persoon van die Drie-eenheid nie?

Hemelse Vader, gee ons U Heilige Gees (**Luk.11:13**). Heilige Gees lei ons soos wat U Jesus gelei het (**Luk.4:1**), leer ons wat om te sê (**Luk.12:12**) en herinner ons aan die woorde van Jesus (**Joh.14:26**). Help ons dat ons U nooit sal weerstaan deur hardkoppig te wees en heidens in ons harte te wees nie (**Hand.7:51**).

Maandag 10 Maart 2008

R100 miljoen belegging in visplase

Die regering gaan R100 miljoen in ses seevis-boerdery projekte belê. Daar is geweldige geleenthede in die teel van seevisse, wat nie net die druk van bestaande voorrade sal verlig nie, maar ook nuwe ekonomiese geleenthede bied. Seewater-kwekery bied goeie geleenthede om visproduksie te diversifiseer om in die plaaslike aanvraag te voorsien, vir uitvoer geleenthede en werkverskaffing. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/666510.htm). Bid dat hierdie nuwe inisiatiewe die gemeenskappe waar dit gevestig word sal bevoordeel. Vra dat hierdie plase kwaliteit produkte sal lewer, ook vir uitvoer na ander lande.

Vervolging van Christene

Ten minste 200 miljoen Christene beleef vervolging en diskriminasie vir hulle geloof. In sommige lande het die situasie oor die afgelope jaar versleg. Een uit elke tien Christene beleef beperkinge of direkte vyandigheid in die uitleef van hulle Christenskap. 'n Styging in dade van geweld teen Christene word in Indië en Pakistan ondervind. Bekeerlinge tot die Christelike geloof beleef die ergste vervolging, selfs moord. (*ASSIST News Service (ANS)*. Webruimte: www.assistnews.net of e-pos: assistnews@aol.com). Hou aan om te bid vir die vervolgde gelowiges in hierdie en ander lande, dat hulle geloof sterk sal bly en dat hulle met vrymoedigheid van Jesus Christus sal getuig.

Dinsdag 11 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir die *Global Prayer Watch* in Kaapstad onder die leiding van Daniël Brink, dat die Here die werk van dag en nag gebed sal versterk sodat die vuur op die altaar nooit sal doodgaan nie (**Lev.6:12-13**). Bid ook dat gevestigde gebedswagte soos hierdie, sal aanhou groei in dag en nag gebed en in die aantal toegewyde mense wat gewillig is om leierskap en eienaarskap van sulke wagte te aanvaar.
- Bid dat meer mense in tehuise vir bejaardes en verswaktes en in hospitale betrokke sal raak in gebed. Dat hulle die Bybel hardop sal lees as proklamasie en teken van hulle eenvoudige toewyding en aanbidding van die Here.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Die tema vir die *Wêrelddag van Gebed* is dat die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken sal word (**Hab.2:14**). Aangesien dit ook 'n dag van verootmoediging in gebed is, word **2Kron.7:14** as grondteks vir hierdie dag, gebruik. Vra die Here om die nasies te genees, vir dié wat arm en behoeftig is, dat mense met Jesus Christus versoen sal raak en vir die kerk om te groei in 'n praktiese bediening van versoening (**2Kor.5:18-20**).
2. Here, wat ewig lewe (**Dan.7:13-14**), ons bring **Asië** voor U troon in gebed. Openbaar aan die mense van **Nepal, Noord-Korea, Oman, Pakistan, Filippyne, Katar en Saoedi-Arabië** Jesus Christus as die uitverkose en kosbare hoeksteen op wie hulle kan vertrou en wat hulle nooit sal teleurstel nie. Laat alle weerstand teen U verwyder word uit

hulle harte, sodat hulle nie sal struikel en val nie (**1Pet.2:6-8**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 12 Maart 2008

Hoe om vir jou kinders te bid

Baie ouers sukkel om hulle kinders groot te maak as "n nageslag wat God eer' (**Mal.2:15**). Die druk van die samelewing en van die groepe onder wie die jongmense beweeg, maak die taak nie makliker nie. Soms kan ouers so moedeloos en kwaad raak vir hulle kinders dat hulle aan niks positief omtrent die kind kan dink nie. Dit is hoekom dit so belangrik is om die Here te vra wat Sy gedagtes omtrent hulle is, want Sy gedagtes is meer as wat daar sand aan die see is (**Ps.139:17-18**). Seën jou kinders gereeld. Gebruik die gebed in **1Kron.4:9-10** of **Num.6:23-27**. Onthou ook om te bid dat God se doel met hulle openbaar sal word. Vra dat hulle sal verstaan wat God se doel met hulle is en hoekom Hy hulle geskep het. Bid sonder ophou God se beloftes vir jou kinders. Bid **Hand.2:17-20** vir jou kinders. Moenie bid volgens dit wat verkeerd is in hulle lewens nie of volgens jou verwagtinge vir hulle lewens nie. Die volgende is 'n paar riglyne oor hoe om te begin bid vir jou kinders volgens die Skrif.

Wat om vir jou kinders te bid

1. Bid vir hulle redding: *Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang (***2Tim.2:10**). *So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie* (**Matt.18:14**).
2. Bid vir eerlikheid, integriteit en getrouheid as deel van hulle waarde sisteem*. Laat onskuld en opregtheid oor my die wag hou, want op U vertrou ek* (**Ps.25:21**).
3. Bid dat God se Gees van krag en liefde en selfbeheersing hulle sal vul en dat hulle vry sal wees van vrees*. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees* (**1Tess.5:6**). *Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie* (**1Joh.4:18**).
4. Bid dat hulle 'n liefde vir die Woord van God sal hê. *Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek* (**Ps.19:10**). *Op u gebooie, wat ek liefhet, sal ek al my hoop vestig. U voorskrifte sal my bybly* (**Ps.119:48**).
5. Bid vir selfrespek en respek vir ander. *Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser* (**1Pet.2:17**).
6. Bid dat hulle rein en heilig voor God sal lewe, vir seksuele reinheid tot en met die huwelik. *Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig* (**Ps.51:10**).
7. *So sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. Ja, op al my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree* (**Hand.2:17-18**).

(Vervolg op 19 Maart. Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word)

Donderdag 13 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Hou aan om te bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed in die wêreld sal uitstort (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag, volharding, vir eenheid onder die leiers en guns by gelowiges en ongelowiges in die omgewing. Bid ook vir die nodige fondse en geskikte perseel sodat elke huis van gebed hulle werk kan voortsit.
- Bid vir 'n groter honger om te bid in die harte van leerders. Vra dat hulle spontaan gebedsbyeenkomste sal hou voor die skool begin, gedurende pouses, by sport of oefen geleenthede, ens. Bid dat daar in alle skole in Suid-Afrika meer gebid sal word en vir baie getuienisse oor antwoorde op gebed.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Daar is steeds lande waar ons geen kontak het met plaaslike Christene sodat hulle kan deelneem aan die *Wêrelddag van Gebed* op 11 Mei nie. As die Here jou so lei oorweeg dit om te vas en te bid vir deurbrake om betyds te kom, sodat die Bybel se belofte van Jesus se wederkoms vervul kan word: "…*elke stam en taal en volk en nasie sal Hom aanbid".*

Ons lewe in 'n tyd en seisoen van betekenisvolle deurbrake vir die koninkryk van God. Volhard saam met duisende Christene in ononderbroke dag en nag gebed.

2. God, wat goed is (**Ps.73:1**), ons bring **Asië** voor U troon. Openbaar Uself aan die mense van **Singapoer, Suid-Korea, Sri Lanka, Sirië, Taiwan, Tadjikistan en Thailand.** Lei hulle met U raad dat hulle aan die einde by U kan wees. Gee hulle krag en wees U hulle erfdeel (**Ps.73:24-26**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 14 Maart 2008

Verslawingsontploffing in Suid-Afrika

Tussen 7 en 31% van Suid-Afrika se bevolking, tussen die ouderdom van 25-45, het 'n alkohol probleem of loop gevaar om 'n probleem te ontwikkel. Omtrent 265 000 inwoners van die land gebruik jaarliks vyf metrieke ton kokaïen, ter waarde van R1.43 biljoen. Amper 42% van die dwelmverslaafde pasiënte in Kaapstad het tik gebruik. Voorskrif-medisyne was die gunsteling dwelmmiddel vir tussen 2-6% pasiënte wat opgeneem is vir rehabilitasie uit dwelmverslawing. Medisyne wat die meeste misbruik word is pynpille, kalmeermiddels, hoesmedisyne en verslankingstablette. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20070821061625100C120472&newslett=1&em=177813a6a20070929ah). Roep God aan oor hierdie situasie, veral vir familie en vriende wat vasgevang is in hierdie vorms van verslawing. Vra die Here om jou die verslawings in jou eie lewe te wys en bring dit na Hom.

***Ethne* onbereikte mense projek: Oos-Europa en Eurasië**

Oos-Europa en Eurasië omvat 20 lande met nog 188 mins-bereikte mensegroepe onder hulle. Serwië en Montenegro het die meeste met 66,8% van hulle bevolking, byna 7 miljoen mense is nog min bereik met net 5% volgelinge van enige vorm van die Christendom. Bid dat God die gevangenes vry sal maak van verslawings soos alkohol- en dwelmmisbruik, seksuele verslawings, pornografie en dobbel, sodat hulle lig vir die wêreld kan wees, voorbeelde van God se genade en goedheid in Jesus. (Webruimte: http://www.ethne.net/Helps/Regions of www.joshuaproject.net/ethne_globalregion.php en e-pos: ethne06@ethne.net).

Saterdag 15 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Bid vir die beskerming van klein groepies wat gereeld bymekaar kom vir gebed. Vra dat hulle vervolgers of die regering nie sal uitvind waar hulle bymekaar kom nie. Bid vir hulle vir guns, selfs by hulle Moslem, Hindoe of Boeddhiste bure.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid dat die Here die regte kontakte in elke land in die wêreld sal oprig. Daar is steeds 'n paar lande wat nog nie betrokke is nie. Bid veral vir dié wat die verspreiding van die evangelie teenstaan. Vra vir spesifieke deurbrake in veral die lande in Noord- en Oos-Afrika, Midde-Ooste en Sentraal-Asië. Bid vir die veiligheid van Christene in hierdie lande asook vir kreatiewe maniere om deel te neem aan die *Wêrelddag van Gebed.*
2. Jesus Christus, ons vrede (**Ef.2:14**), ons bring **Asië** voor U in gebed. Openbaar Uself aan die mense van **Irak, Israel, Jordanië, Kazakstan, Koeweit en Kirghizstan,** sodat die mense in die wêreld wat sonder hoop en sonder God is nou in Christus Jesus, deur Sy bloed, nader sal kom. Gee hulle vrede en versoening met die Vader deur U offer aan die kruis (**Ef.2:12-14**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 16 Maart 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 6: Hy sal jou posisie verander

Stefanus was nie 'n apostel nie en voordat hy 'n diaken geword het, het hy nie 'n hoë posisie beklee nie. Stefanus was doodgewoon besig in die kerk in Jerusalem, 'n man vol van die Heilige Gees en geloof (**Hand.6:5**). Dit was duidelik dat die Heilige Gees op 'n spesiale manier beweeg het deur nie net die predikers aan te raak nie, maar ook die gewone mense. **Handelinge 6:8** sê: *Stefanus, aan wie God baie genade en krag gegee het, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen.* Hoe het hy beweeg van 'n posisie as 'n nie-geestelike leier na 'n posisie in die bediening tot 'n evangelis? 'n Belangrike rede was sy gemeenskap met die Heilige Gees, wat hom groot outoriteit gegee het en sy posisie verander het. Toe die lede van die sinagoge met Stefanus begin argumenteer het, was hulle nie opgewasse teen die wysheid wat hy van die Gees ontvang het en waarmee hy gepraat het nie (**v.10**). Dit is guns by God wat ons guns by mense gee. Verlang jy na

so 'n verhouding met die Heilige Gees? Ons versoeking vandag is, dat wanneer ons so 'n spesiale verhouding met die Heilige Gees het, ons so gefasineerd raak met die guns wat ons by mense het dat ons die Een verwaarloos wat ons in die eerste plek die guns gegee het.

Vader, ons bely dat ons maklik val vir die bekoring en sentimente van die wêreld. Heilige Gees, vul ons met geloof en krag dat ons ook tekens en wonders onder die mense kan doen, soos wat U met Stefanus gedoen het. Reinig ons sodat ons harte altyd op U gevestig is en U meer lief het as dit wat U deur ons doen en die agting van mense.

Maandag 17 Maart 2008

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Bid asseblief vandag vir elke vrywillige/personeellid wat by die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* in die land werk. Vra vir hulle vir veiligheid, krag en gesondheid. Bid ook dat God sal voorsien in hulle praktiese en fisiese behoeftes. Dank die Here vir so baie antwoorde op gebed, vir die oprigting van so baie intersessors wat die las van gebed opneem vir hulle eie behoeftes en vir hulle gemeenskappe. Bid asseblief hierdie maand dat die *Jerigo Mure Gebedsgidse* hulle bestemming sal bereik – baie pos gaan steeds verlore sonder enige duidelike rede. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk,* Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012-365 3213, faks: 012-365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

SAT-7

SAT-7 is gebore uit 'n visie waarin kerke en bedieninge in die Weste verenig het met bedieninge in die Midde-Ooste (insluitende Masedonië) om die gemeentes te versterk en die evangelie aan almal te verkondig. *SAT-7* saai gereeld vyftien telefoon nommers uit waarheen kykers kan bel as hulle met 'n berader wil praat. (*SAT-7.* Webruimte: www.sat7.org of e-pos: DavidHarder@sat7.org). Dank die Here vir die miljoene mense in die Arabiese wêreld wat na *SAT-7* kyk en vir elkeen wat Jesus Christus aanneem. Hou aan bid vir die beskerming van hierdie bediening en dat dit sal toeneem in guns en aansien in die Midde-Ooste.

Dinsdag 18 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir die gebedsbeweging in Rusland om te groei en te versprei oor nasies. Bid veral ook vir die guns van God op die gebedseminaar in Rusland vanaf 20-22 Maart 2008, wat fokus op 24/7 gebed.
- Bid vir meer mense om daagliks te bid vir die polisie se geestelike, emosionele en fisiese beskerming, sowel as deurbrake vir die polisiemanne wat berading ontvang.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid asseblief vir mense wat verlede jaar deelgeneem het aan die *Wêrelddag van Gebed,* om vanjaar ook weer God aan te roep en te werk vir deurbrake op die aarde tydens die *Wêrelddag van Gebed*. Vra dat hulle baie mense sal mobiliseer, nie alleen in stadions nie, maar in elke gemeenskap, in huise, in gemeentes, sodat miljoene op 11 Mei 2008 voor God kan staan.
2. Skepper God (**Gen.1:1**), ons bring **Asië** voor U in gebed. Openbaar Jesus Christus aan die mense van **Turkye, Toerkmenistan, Verenigde Arabiese Emirate, Oesbekistan, Viëtnam en Jemen** as U verbond en as die lig vir die nasies. Maak hulle blinde oë oop**,** bevry die gevangenes uit die tronk en laat die wat in die donkerte is, uitgaan (**Jes.42:6-7**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 19 Maart 2008

Hoe om vir jou kinders te bid (Vervolg van 12 Maart)

Die grootste uitdaging vir ouers is om voortdurend in geloof en op 'n positiewe manier vir hulle kinders te bid. Moenie kla en kritiseer wanneer jy vir jou kinders bid nie. Bid en vertrou die Here. Moenie bitterheid en onvergewensgesindheid teenoor jou kinders toelaat nie. Vra die Here vir Sy liefde in jou hart; onvoorwaardelike liefde, liefde ongeag van wat in die verlede gebeur het, liefde ten spyte van hoe jou kind optree. Bespreek jou kinders eerder met God voordat jy ander mense se raad vra. Ouers bespreek dikwels die gedrag en probleme van hulle kinders met ander mense, vra hulp, kla oor hulle kinders, lees boeke oor kinderopvoeding en soek professionele hulp, maar bid nie vir hulle nie. Bid vir jou kinders, moenie hulle aankla nie. Jou rol is om as priester voor God te kom, om te pleit vir genade en barmhartigheid. Die duiwel is die aanklaer.

As jy jou kinders voor God aankla en Hom vertel van al die verkeerde dinge wat hulle doen, doen jy presies wat die duiwel doen.

Wat om vir jou kinders te bid

1. Bid vir nederigheid. *Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy: "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade"* (**Jak.4:6**).
2. Bid vir 'n verantwoordelikheidsbesef en om wat hulle begin het, klaar te maak. *Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het* (**Gal.6:5**).
3. Bid dat hulle vergenoegd en dankbaar sal wees. *Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag* (**1Tess.5:18**).
4. Bid dat hulle sal toeneem in geloof. *Die apostels sê toe vir die Here: "Gee ons meer geloof." Maar die Here antwoord: "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,' en hy sou julle gehoorsaam* (**Luk.17:5-6**). *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie* (**Heb.11:1**).
5. Bid dat hulle gebedslewens kragtig sal ontwikkel, dat hulle sal leer om te bid en dat gebed vir hulle 'n vreugde sal wees. *Want my tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed vir al die volke* (**Jes.56:7**). *Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges* (**Ef.6:18**).
6. Bid dat hulle vreesloos staande sal kan bly onder groepsdruk. Bid dat hulle sonde sal haat en dat hulle staande sal bly teen versoekings. *Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan* (**1Kor.10:13**).

(Vervolg op 26 Maart. Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word).

Donderdag 20 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Hou aan om te bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed in die wêreld sal uitstort (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag, volharding, vir eenheid onder die leiers en guns by gelowiges en ongelowiges in die omgewing. Bid ook vir die nodige fondse en geskikte persele sodat elke huis van gebed hulle werk kan voortsit.
- Bid dat die Here al die geslagte, oud en jonk, sal oprig om ander te inspireer tot gefokusde tye van gebed en vas vir hulle nasies. Vra dat die getuienisse van God se antwoorde op gebed baie ander mense weer sal aanmoedig om opnuut die Lewende God aan te roep vir hulle behoeftes en die behoeftes van ander mense.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Die Stille-Oseaan gebied bly steeds een van die mees afgeleë gebiede om met die evangelie te bereik. Bid asseblief in hierdie tyd dat die Here 'n honger en dors in die harte van gelowiges sal sit om dag en nag te bid vir Sy koninkryk om ook daar te kom. Bid dat 'n gebedsbyeenkoms in elkeen van die klein eilandjies in daardie gebied gehou word.
2. Jesus Christus, die regverdige (**1Joh.2:1-2**), ons bring **Australië en die Stille-Oseaan gebied** voor U in gebed. Ons kom pleit vir die meerderheid van al die Christene in hierdie streek wat in nominalisme en sekularisme verval het. Ons vra dat hulle weer Jesus Christus sal erken en omhels as die Regverdige wat die versoening vir hulle sondes is, nie net vir hulle sonde nie, maar vir dié van die hele wêreld (**1Joh.2:1-2**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 21 Maart 2008

Polisie trek vermeende dief vas

Die Johannesburgse polisie het 'n man gearresteer in verband met gewapende roof 'n tyd gelede, by 'n supermark in Mulbarton. 'n Groep gewapende mans het die supermark ingegaan en 'n onbekende bedrag kontant gesteel, asook die klante se persoonlike besittings. Hulle het daarna sommige voertuie buite die winkel geroof om mee weg te kom. Die polisie het twee AK-47 gewere, een 9mm pistool, 'n onbekende hoeveelheid kontant en ander gesteelde goedere, herwin. (Webruimte: http://www.mg.co.za/articlePage.aspx?articleid+324051&area=/breaking_news/breaking_news_national/). Dit

is slegs een getuienis van 'n rooftog wat misluk het. Dank die Here vir elke keer wat 'n rooftog of kaping nie plaasvind nie of misluk het. Laat ons nie moeg word om tot God te roep vir beskerming van ons mense en Sy oortuiging van sonde en belydenis in die harte van kriminele nie.

Vertalingsopleiding vir gebaretaal

Mense wat gebaretaal as 'n primêre vorm van kommunikasie gebruik, het dikwels geen kennis van 'n ander taal nie, insluitende die gesproke taal van hulle land. Prys die Here vir 'n opleidingsgeleentheid vir Bybelvertaling vir gebaretaal gedurende September 2007 in Kenia. Dit was die eerste opleidingsgeleentheid vir vertaling van gebaretaal in Afrika. Bid dat genoegsame kommunikasie van die evangelie aan dowes beskikbaar sal word. *Ethnologue, Languages of the World* 'n omvattende verwysingsvolume wat alle bekende, lewende tale in die wêreld katalogiseer, beskryf 121 verskillende gebaretale vir dowes. (Aanlyn weergawe: http://www.ethnologue.com/. *Wycliffe Prayer Focus Bulletin,* e-pos: asianrd@sr21.com).

Saterdag 22 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Bid vir God se guns op die vestiging van gebedswagte in elke maatskappy en werkplek, selfs al is dit baie klein of eenvoudig. Vra vir groter deurbrake in die vestiging van 24/7 gebed oral in Suid-Afrika.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. 'n Spesiale boekie met gebede vir die *10 Dae* voor die *Wêrelddag van Gebed* is voorberei, sodat Christene wêreldwyd kan deelneem aan hierdie poging om God aan te roep vir die redding van die nasies. Bid asseblief vir vrywillige vertalers en proeflesers in elke taal om na vore te kom om te help met hierdie poging. Vra ook dat gedrukte afskrifte beskikbaar sal wees in elke land sodat mense kan meedoen aan hierdie spesiale tyd van gebed.
2. Seun van God (**Joh.1:49**), ons bring **Australasië en die Stille-Oseaan gebied** voor U. Openbaar Uself aan die mense van **Samoa, Solomon-eilande, Tonga, Toewaloe, Vanuatu, Wallis en Futuna-eilande,** laat hulle U persoonlik leer ken en in alles saam met U gekruisig wees, sodat dit nie meer hulle is wat lewe nie, maar U wat in hulle leef. Wys hulle dat U hulle liefhet en U lewe vir hulle gegee het (**Gal.2:20**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 23 Maart 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 7: Hy sal jou visie verander

'n Verhouding met die Heilige Gees sal dit wat jy sien, verander. Instede daarvan om af te kyk, maak Hy jou oë oop om op te kyk. Stefanus sou vasgebind deur die strate van Jerusalem gesleep word om gestenig te word, maar die Heilige Gees het hom 'n wonderlike visioen gegee*. Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan* (**Hand.7:55**). Dit was net Stefanus se verhouding met God wat hom in staat gestel het om sy aaklige omstandighede anders te sien. Paulus sê in **Kolossense 3:2:** *Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie.* Wat sien ons wanneer ons kyk na terminale siekes, na verkragtingslagoffers, na moord, na misdaad of na geweld? Hoe vestig ons ons gedagtes op die dinge wat daarbo is te midde van sulke terreur? Ons het 'n duideliker insig nodig van die manier waarop God hierdie dinge sien en dit mag 'n bietjie verskil van enige boek wat ons lees of enige preek wat ons hoor. Is jy en ek desperaat genoeg om God aan te roep om aan ons te openbaar die "dinge wat daarbo is" en wat dit werklik beteken?

*Vader van heerlikheid, ons kies om ons gedagtes te rig op die dinge wat daarbo is en nie op die dinge wat op die aarde is nie. Heilige Gees, leer ons die weë en gedagtes van die Vader, want dit is hoër as ons gedagtes (**Jes.55:8-9**). Alles wat U doen, is regverdig. U is die getroue God, sonder onreg, U is regverdig en betroubaar (**Deut.32:4**).*

Maandag 24 Maart 2008

Bikers Church

Christen motorfietsryers reik gereeld uit na ander motorfietsryers. Bid asseblief dat motorfietsryers die evangelie sal aanvaar ten spyte van 'n moontlike negatiewe gemoedstoestand om dan later oorwinning te kry oor verslawings en

vooropgestelde idees. Vra vir genade dat verhoudings wat die Here nie eer nie, tussen die verskillende groepe motorfietsryers, nie die oorhand sal kry nie. Bid veral vir die mense wat 'n keuse gemaak het om Christus te volg, veral die vroue. Bid dat hulle staande sal bly en nie ander sal veroordeel nie. Bid ook vir 'n groter mate van geestelike eenheid onder die Christen motorfietsryers en 'n toenemende bewustheid onder mekaar dat hulle roeping 'n saak van lewe en dood is. (*Bikers Church,* Posbus 1755, Brackenfell, 7561. Tel.: 021-982 2303, faks: 021-982 0997. E-pos: bikercrc@mweb.co.za).

Dreigemente en geweld teen Christene in Irak

Die vyandigheid teenoor Christene in Irak het so 'n vlak bereik dat dit etniese suiwering of groepsmoord genoem kan word. Die dreigemente maak dit duidelik dat ekstremiste wil ontslae raak van Christene in hulle land. Hulle word gewoonlik die keuse gegee om of Islam aan te neem, te vertrek of doodgemaak te word. Bid vir die baie Irakse Christengesinne in sulke situasies. Die Here ken hulle almal, bid dat Hy hulle sal beskerm, troos en versterk. Bid vir die honderde duisende Irakse Christen vlugtelinge, veral die in Sirië, waarheen die meeste van die armstes en behoeftigstes gegaan het. Die *Barnabas Fund* staan hulle by. (*Barnabas Fund,* e-pos: subscribe@barnabasfund.org).

Dinsdag 25 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir 24/7 gebedswagte wat gedurende die afgelope 24 maande gevestig is, veral die in 'townships' oral in Suid-Afrika. Bid vir genade vir elkeen om voort te gaan, te groei in getalle en geestelike rypheid en vir eenheid onder die intersessors.
- Vra dat die Here baie gebedstryders sal oprig wat deurlopend sal bid vir versoening tussen kerkleiers en denominasieleiers. Bid dat baie leiers oor hierdie grense heen sal begin hande vat en saam bid.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Daar was sovêr 'n buitengewone reaksie op die geskeduleerde *Wêrelddag van Gebed* op Pinkster Sondag in Mei. Bid asseblief dat plaaslike gemeentes, denominasies en Christelike organisasies wêreldwyd sal betrokke raak en deelneem aan hierdie dag van gebed (**Matt.21:13**).
2. Vader, aan wie die heerlikheid behoort (**Ef.1:17**), ons bring **Afrika** voor U in gebed. Openbaar Uself aan die mense van **Swaziland, Tanzanië, Gambië, Togo, Tunisië, Uganda, Zambië, en Zimbabwe.** Ons bid dat U deur U Gees aan hulle wysheid sal gee en U so aan hulle sal openbaar dat hulle U werklik sal ken. Verhelder hulle geestesoë so dat hulle sal weet watter hoop U roeping inhou (**Ef.1:17-18**) (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 26 Maart 2008

Hoe om vir jou kinders te bid (Vervolg van 19 Maart)

Wanneer dit lank neem vir dinge om te verander, raak dit moeiliker om in geloof te bid met die verwagting dat dit sal verander. Dis belangrik om te onthou dat God jou kinders baie liewer het as wat jy ooit vir hulle kan wees. Moet dus nie probeer om die werk van die Heilige Gees te doen nie. Jy kan nie jou kind oortuig van sonde nie. Dit bly die werk van die Heilige Gees. Moenie haastig wees met jou kind nie. Moenie verwag dat jou kind oornag sal verander nie. Die meeste dinge ontwikkel oor 'n lang periode van verandering. (Kan jy onthou dat dit dieselfde was toe jy 'n kind was)? Ons verantwoordelikheid aan God as ouers, is om 'n nageslag voort te bring wat Hom sal eer (**Mal.2:15**). Eenvoudige gebede is goed genoeg. Soms is 'n enkel sin wat herhaaldelik deur die dag gebid word genoeg. Moenie ingewikkelde gebede bid nie. Probeer om nie vir God advies te gee nie. Dis belangrik dat jy gereeld vir jou kinders bid. Probeer om ten minste 3-4 dae per week vir jou kinders te bid.

Wat om vir jou kinders te bid:

1. Bid dat hulle God se plan vir hulle lewens sal verstaan en God sal vertrou met hulle lewens. *Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd. As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde* **(Jak.4:13-17**).

2. Bid vir die regte vriende en vriendinne, en vir 'n toekomstige huweliksmaat. *Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam* (**Spr.3:5-8**).

3. Bid dat hulle sal kan vergewe en dat daar nie 'n wortel van bitterheid in hulle harte sal opskiet nie. *Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie* (**Heb.12:15**).
4. Bid dat hulle vreesloos sal getuig. *Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe"* (**Rom.1:16-17**). *"En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig* (**Hand.4:29**).
5. Bid vir 'n steeds groeiende en dieper intimiteit met God. *Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood. Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds syne gemaak het* (**Fil.3:10-12**).

(Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word)

Donderdag 27 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

1. Hou aan om te bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed in die wêreld sal uitstort (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag, volharding, vir eenheid onder die leiers en guns by gelowiges en ongelowiges in die omgewing. Bid ook vir die nodige fondse en perseel sodat elke huis van gebed hulle werk kan voortsit.
2. Bid dat gelowiges gereeld gebedstalletjies oral sal oprig, veral op Saterdae bv. in 'n taxi staanplek of stasie. Vra dat gelowiges vir die mense om hulle sal bid en verbygangers wat belangstelling toon met die liefde van Christus sal bedien. Vra ook dat baie sal kom vra vir gebed.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid spesifiek vir die beskerming en gesondheid van Christenleiers in die gebedsbeweging. Vra dat die Here hulle en hulle gesinne sal seën, dat daar eenheid sal wees in hulle daaglikse strewe om die *Wêrelddag van Gebed* te organiseer. Bid dat die nodige fondse betyds beskikbaar sal wees vir elke projek, veral vir gebedsinligting wat elke land betyds moet bereik.
2. Toevlug in Nood (**Jes.25:4**), ons bring **Australasië en die Stille-Oseaan** gebied voor U in gebed. Openbaar Uself aan die mense van **Kiribati, Mikronesië, Nauru, Nieu-Kaledonië, Nieu-Seeland en Papoea-Nieu-Guinee**, as 'n toevlug vir die armes en behoeftiges in hulle nood, 'n skuilplek teen die stortreën, 'n skaduwee teen die hitte (**Jes.25:4-5**). Laat hulle die Ewige lewe in U aangryp. (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 28 Maart 2008

***Eskom* bewillig R2 biljoen vir sonkrag installasie**

Eskom het R2 biljoen bewillig vir die massa-installasie van sonkrag waterverwarming in besighede en huise. Die veldtog is begin by 'n groot myngroep. Sonkrag waterverwarmers sal 'n groot rol speel in *Eskom* se plan om teen 2012 verbruik met 3 000 megawatt te verminder en met 8 000 megawatt, of 10% teen 2025. Die R2 biljoen wat vir sonkrag verwarming geoormerk is, is deel van R10 biljoen wat *Eskom* eenkant gesit het vir hulle program om aanvraag te beheer. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?fArticleId=4060520). Dank die Here vir antwoorde op gebede vir maniere om die elektisiteitstekorte in Suid-Afrika aan te spreek. Bid vir die sukses van hierdie en ander projekte en die skepping van nuwe werksgeleenthede.

***Ethne* onbereikte mense projek: Oos-Europa en Eurasië**

Rusland het meer as 12 miljoen mins-bereikte mense in 72 verskillende mense-groepe. 'n Dekade van 'n mate van demokrasie wat met gierigheid, misdaad en verswakte lewenskwaliteit geassosieer word, het baie Russe laat terugverlang na die outokratiese sekerheid van 'n Kommunistiese diktatorskap. Die kerk is in die algemeen klein en swak en sukkelend in Oos-Europa en Eurasië, maar daar is tekens van hoop in plekke soos die Oekraïne. Bid dat die gees van gebed deur die kerk sal waai en die kerk sal versterk. Bid vir arbeiders in hierdie onbestendige omgewing wat so ryp is vir die evangelie.

(Webruimte: http://www.ethne.net/Helps/Regions of www.joshuaproject.net/ethne_globalregion.php of e-pos: ethne06@ethene.net).

Saterdag 29 Maart 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).
- Bid dat Christenleiers hulle strategieë vir die verspreiding van die evangelie sal heroorweeg om meer tyd vir gebed en vas in hulle daaglikse skedule in te pas. Vra dat baie 'n ware herlewing in hulle verhouding met die Here sal beleef.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid God se guns af oor die mense wat verantwoordelik is vir die bevordering van die *Wêrelddag van Gebed* in die VSA en Kanada. Bid dat hulle God-geïnspireerde afsprake sal hê wat Christene in afgeleë gebiede ook aan die brand sal steek om betrokke te raak om te bid vir hulle omgewing, hulle land en die lande van die wêreld.
2. Abba Vader, ons bring die **Amerikas** voor U in gebed. Ons dank U vir hierdie vasteland waar die minste godsdiens diskriminasie voorkom. Herinner hulle asseblief om versigtig te wees om nie die verbond van die Here hulle God in Christus Jesus met hulle, te vergeet nie en dat hulle nie vir hulle 'n afgod van enige aard sal maak nie. Openbaar aan hulle U liefde en dat U 'n jaloerse God is (**Deut.4:23-24**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Sondag 30 Maart 2008

Die Heilige Gees verander lewens in die geskiedenis en ook nog vandag

Handelinge 8: Hy sal jou onderskeiding verander

Toe dit die perfekte tyd was om aan 'n Ethiopiër te getuig, *Toe sê die Gees vir Filippus: "Gaan loop saam met daardie wa." Filippus het daarheen gehardloop* (**Hand.8:29-30**). Hy het die stem van God so goed geken dat toe die Heilige Gees sê "Nou," het Filippus onmiddellik reageer. Hy wou nie die geleentheid mis nie. Gedurende Paulus se reis, het hy nie aan mense getuig voordat hulle nie gereed was daarvoor nie. Paulus het die regte woorde gehad, maar hy was sensitief om die regte tyd te onderskei (**Hand.27:24**). Hy het hulle vertel dat God belowe het om almal wat saam met hom is, te beskerm. Ons raak dikwels opgewonde en deel 'n gedagte of 'n woord van die Here 'te gou' met iemand. Dit beteken nie dat die woord nie van die Here was nie, maar dikwels moet ons eers daaroor bid en wag vir die influistering van die Heilige Gees voordat ons met ander daaroor praat. Moenie jou eie oordeel vertrou nie of op vorige 'ondervindings' staatmaak nie. Laat die Heilige Gees toe om jou onderskeiding te gee in elke situasie.

Vader, ons erken dat ons ywer dikwels 'n werk wat U in ons lewens en in dié van ander wil doen, beskadig. Heilige Gees, leer ons om nie net 'n woord van U te ontvang nie, maar om ook te wag totdat U ons voorsê oor hoe en wanneer om dit met ander te deel.

Maandag 31 Maart 2008

Tuberkulose pasiënte neem nie hulle medikasie behoorlik nie

Tuberkulose pasiënte in Limpopo, waarvan baie bejaarde vroue is, voltooi nie hulle behandeling nie. Pasiënte kan nie die hoeveelheid en die grootte van die tablette hanteer nie en ly dikwels aan erger newe-effekte wanneer hulle die medikasie gebruik sonder om te eet, wat 'n groot probleem in die brandarm huishoudings is. Meer as die helfte van die vroue met wie onderhoude gevoer is het 'n negatiewe gesindheid teenoor tuberkulose medikasie gehad en het geglo dat hulle die behandeling kon staak sodra hulle beter voel. Wangebruik van behandeling is een van die hoofoorsake van die lae vlak van genesing in Suid-Afrika. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20070927033907413C919883&newslett=1&em=177813a6a20071027ah). Bid asseblief vir die situasie, vir 'n gewilligheid om gehelp te word, om te onthou om hulle medikasie te gebruik en vir meer en beter toegeruste personeel by die klinieke waar die mense gehelp word.

Huishoudings met kinders aan die hoof

Volgens die 2005 *General Household Survey* was daar ongeveer 118 500 kinders in Suid-Afrika wat in 66 500 huishoudings woon met kinders aan die hoof. (Webruimte: http://www.news24.com/News24/South_Africa/News/0,2-7-1442_2204131,00.html). Laat ons sonder ophou bid vir hierdie situasie in ons land en vra vir God se ingrype op praktiese en bo-natuurlike maniere. Bid vir hierdie huishoudings vir 'n openbaring van God se liefde vir hulle binne hulle

omstandighede. Bid dat God in hulle onmiddellike behoeftes sal voorsien omdat hulle wetlik nie oud genoeg is om vir 'n salaris te werk nie.

Dinsdag 1 April 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Bid vir die huis van gebed in Taize, Frankryk. Dank die Here vir duisende jongmense wat daarheen kom van oor die hele Europa om tyd met Hom te bestee. Bid dat hierdie huis van gebed steeds sal groei en 'n invloed sal uitoefen in die lewens van mense, beide gewone mense en regeringsleiers.
- Bid vir 'n honger en dors om die Naam van die Here aan te roep in die harte van Christene. Vra ook dat die hoop op hulle roeping in Christus sal wakker word in hulle harte en hulle sal vry maak van die druk wat hulle beleef.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Van vandag af is daar net 40 dae oor voor die *Wêrelddag van Gebed.* Ons sal vanjaar meer as ooit tevore tot God roep vir die redding van die ongeredde mense in die wêreld, sodat elke stam, taal en nasie Christus sal leer ken. Vra dat die Here die harte van Christene sal aanraak met deernis om te bid vir die ongereddenes. Bid vir 'n nuwe bewustheid in die harte van gelowiges wêreldwyd om met vrymoedigheid te getuig van Christus se liefde.
2. Barmhartige God (**Deut.4:31**), ons bring **Europa** voor U in gebed. Openbaar U Seun aan die mense van **Frankryk, Duitsland, Griekeland, Hongarye, Ysland, Ierland en Italië.** Gee dat hulle opregtheid diep in hulle harte sal begeer en leer hulle diep in hulle binneste hoe U wil hê dat hulle moet lewe. Neem tog hulle sonde weg dat hulle rein kan wees, was hulle dat hulle witter as sneeu kan wees. Was hulle skoon van hulle skuld (**Ps.52:4-9)**. (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Woensdag 2 April 2008

Bid vir jou huweliksmaat

Soos wanneer ons vir ons kinders bid, kan dit baie moeilik wees om getrou en in geloof aan te hou om vir jou huweliksmaat te bid. Ons sien baie dinge wat ons graag sal verander, selfs net dat hulle die Here heelhartig sal dien. Die volgende is enkele riglyne.

Praktiese riglyne

- Kry jou eie lewe in lyn met God se opdragte vir jou as man/vrou in die huwelik. Jy kan nie met vrymoedigheid voor God staan en vir jou huweliksmaat bid, as jy nie doen wat God van jou in die huwelik vra nie. Bv. *Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, wen jou man sonder woorde, wees sagmoedig. Mans, julle moet julle vrouens liefhê, bereid wees om julle lewens vir hulle af te lê en julle vrouens met wysheid, geduld en insig te hanteer* (**1Pet.3:1-2;7**).
- Kies ***vir*** jou huweliksmaat, selfs al hou jy op die oomblik nie meer van hom/haar nie. Jy kan nie reg en met die regte gesindheid vir jou huweliksmaat bid voordat jy telkens onherroeplik vír jou huweliksmaat en jou huwelik kies nie.
- Jy kan nie jou huwelik sinvol leef sonder om *aan jouself te sterf* nie, te sterf aan jou wil, emosies, intellek, jóú verstaan van wat reg en verkeerd is en hoe dinge gedoen behoort te word.
- *Maak seker van jou motiewe wanneer jy bid.* Die regte motief is dat die lewe van jou huweliksmaat, God moet eer en nie dat God sy/haar lewe moet verander sodat jou lewe makliker of lekkerder kan wees nie.
- *Luister na God - vra Hom wat jy moet bid.* Te dikwels trek ons net weg en bid en vra nie vir God, die Een wat ons huweliksmaat gemaak het, wat ons vir hom/haar moet bid nie.

Wat bid ek vir my vrou?

1. Seën jou vrou*. Die Here sal julle (jou) seën en julle (jou) beskerm; die Here sal tot julle (jou) redding verskyn en julle (jou) genadig wees; die Here sal julle (jou) gebede verhoor en aan julle (jou) vrede gee!* (**Num.6:24-26**).
2. Bid vir geestelike en geloofsgroei en 'n heilige lewe*. Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God* (**Miga 6:8**).
3. Bid vir haar ma-wees en haar verhouding met haar kinders*. Hulle (die ouer vrouens) moet die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie* (**Tit.2:4-5**).
4. Bid vir haar skoonheid, klere en versorging van haarself*. Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende*

beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde. In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig (**1Pet.3:3-5**).

5. Bid vir haar vrese en bekommernisse (en moet haar nie daaroor veroordeel nie). *Ek is nie bang vir tienduisende mense wat van alle kante af op my toesak nie* (**Ps.3:6**). *Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?* (**Ps.27:1**). *Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see* (**Ps.46:2**). *Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou* (**Jes.41:10**). *Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees* (**1Joh.4:18**).

(Vervolg 9 April. Hierdie inligting kan as besprekings- en gebedsmateriaal gebruik word in u selgroep, jeuggroepe, Bybelstudiegroepe of gebedsgroepe. Dit is in eenvoudige formaat en is selfs geskik om vir kinders te gebruik. Die gedagte is om gewone Christene toe te rus om meer te leer oor gebed en te groei in hulle gebedslewe. Volledige artikels oor hierdie onderwerpe is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/articles.asp en kan gedruk en dupliseer word)

Donderdag 3 April 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Hou aan om te bid dat die Here Sy Gees van gebed en smeking op elke huis van gebed in die wêreld sal uitstort (**Sag.12:10**). Vra vir elke voorbidder vir krag, volharding, vir eenheid onder die leiers en guns by gelowiges en ongelowiges in die omgewing. Bid ook vir die nodige fondse en perseel sodat elke huis van gebed hulle werk kan voortsit.
- Bid dat gelowiges vrymoedig sal word om oral te bid, in die werkplek, tuis, by die kerk, wanneer hulle by vriende is, ens. Vra dat hulle, wanneer hulle vir ander se behoeftes bid, sal getuig van God se antwoorde op hulle gebede en baie mense na Christus sal lei.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid vir die koördineerders in Suid-Amerika dat hulle guns by leiers in alle sfere van die lewe sal verkry wanneer hulle die gebedsgeleentheid op 11 Mei organiseer. Vra dat hulle pogings oral langtermyn gebedsinisiatiewe tot gevolg sal hê.
2. Getroue Here, ons bring **Suid-Amerika** voor U in gebed waar morele vernietiging plaasgevind het as gevolg van dwelmhandel en waar wydverspreide armoede onopgelos bly. Ons bid dat elke mens na U sal kom en glo dat U bestaan en dat U dié wat U soek, beloon. Vernuwe en versterk die geloof van die Christene (**Heb.11:6**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).

Vrydag 4 April 2008

Misdaad is 'n probleem – maar jy kan help

Die *Crime Line* inisiatief is in Junie 2007 begin en funksioneer onafhanklik en anoniem en is daarop gemik om kriminele uit die strate te kry. Hierdie projek word goedgekeur deur die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).* As iemand vermoed iemand anders (selfs familie en vriende), is by misdaad betrokke kan hulle dit anoniem rapporteer. As enige inligting oor kriminele – of hulle moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendelede, kindermolesteerders, ens. is, deurgegee word na *Crime Line,* sal opgetree word. (Webruimte: www.crimeline.co.za of http://iafrica.com/news/sa/662795.htm). Dank die Here vir sulke inisiatiewe in antwoord op gebede oor die jare. Bid dat mense bewus sal word hiervan en dat kriminele verhoor en skuldig bevind sal word.

Mense in Israel leef onder die broodlyn

Byna 1 630 000 Israelis, waaronder 800 000 kinders sowel as baie bejaardes lewe onder die broodlyn. Die Woord van God leer ons as nie-Jode om God se volk fisies, finansieel en geestelik te ondersteun. Bid dat die behoefte in Israel oorvloedig vervul sal word en dat hulle bedien sal word met die liefde van die Here. (Christian Friends of Israel. Tel./faks: 012-361 1437, e-pos: allwiese@lantic.net).

Saterdag 5 April 2008

Fokus op die vestiging van 24/7 gebed

- Here, stort U Gees van gebed en smeking uit oor U kerk wêreldwyd. Gee dat huise van gebed oral in die wêreld gevestig sal word. Ons bid dat gelowiges die beloftes in U Woord, getrou dag en nag sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied net soos in die hemel (**Matt.6:10**).

- **Jesaja 55:11** sê: *So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.* Bid dat Christene bewus word van hierdie waarheid en God se Woord hardop sal begin lees (van Genesis tot by Openbaring), as proklamasie oor hulle gemeenskappe. Bid dat die Woord van God hulle ook sal versterk en bemoedig om staande te bly in gebed vir deurbrake in hulle gemeenskappe.

Fokus op die *Wêrelddag van Gebed*: 11 Mei 2008

1. Bid vir deurbrake wat betref uitsendings via alle tipe media, bv. radio, televisie, Internet, ens. Vra dat selfs Christene in geslote lande op hierdie manier deel sal kan wees van die *Wêrelddag van Gebed.* Bid dat die nodige kommunikasiestelsels betyds gereed sal wees.
2. God, die Almagtige (**Gen.17:1**), ons bring **Noord-Amerika** voor U in gebed. Almagtige God, openbaar Uself aan die mense van **Bermuda, Kanada, Groenland, St. Pierre en Miquelon en die Verenigde State van Amerika,** sodat hulle U werklik sal ken. Verhelder hulle geestesoë so dat hulle die hoop wat hulle roeping in Christus inhou, sal ken (**Ef.1:17-18**). (*Transformasie Afrika*, webruimte: www.transformationafrica.com of e-pos: info@transformationafrica.com. Tel.: 021-856 3130, faks: 021-856 1174).